



# DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 17 \* Nr 137 \* SEPTEMBER 2017

## LEES BINNE

Gemeentenuus	2
Fokus op die Huwelik	3
Resepthoekie	4
Moenie bang wees nie	5
Gebedsaksie	6-7
Mosambiek Geletterdheid	8-9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

*Wil jy graag  
iets in ons  
koerantjie plaas  
of self ietsie  
skryf?*

*Bydraes moet die  
Kerkkantoor voor  
12:00 op  
Maandag,  
11 Sept. bereik!*

Wees sterk, wees vasberade.

Moenie skrik nie, moenie  
bang wees nie, want

*Ek, die Here jou God,  
is by jou oral waar jy gaan."*

JOSUA 1:9

## “MOENIE BANG WEES NIE!”

Die twee verhale van Maria en Jona se roeping is redelik kontrasterend.

Maria sê: Hier is ek Here, ek is tot U beskikking, laat met my gebeur volgens U woord. Jona aan die ander kant probeer wegkom uit die situasie, hy word geroep na Ninevé, maar hy gaan in presies die teenoorgestelde rigting na Tarsis. Hy vlug weg van die Here af.....

Hoekom die twee verhale saam? -

Die twee verhale skets vir ons iets van ons daaglikse realiteit. Daar is tye wanneer ons makliker “ja” sê vir God se stem en gehoorsaam leef aan sy roeping, en dan is daar tye waarin ons ook eerder wil wegvlug, weg van God se roeping en weg van God af.

Mens vind dus iets van jousef in beide die verhale van Maria en Jona. In dié opsig is die twee verhale saam eintlik troostend, uitnodigend en uitdagend! - Ten spyte van die skerp kontraste is hier ook 'n onderliggende tema wat in albei verhale na vore kom, naamlik vrees.

Dink jousef vir 'n oomblik in, in die lewe van Maria...jongmeisie, verloof, swanger en die godsdienstige gebruike van die dag wat sou bepaal dat sy selfs gestenig sou kon word. Sy moes vir haar lewe vrees, die skande en skaamte oor dit alles. Jona aan die ander kant vlug weg van God se roeping a.g.v 'n inherente vrees. Ons lees in Jona 4:2 die rede hiervoor. Die mense van Ninevé was sy vyande, dit was die mense wat hulle volk skade aangerig het, in ballingskap weggevoer het en sy mense doodgemaak het.

Hy ken God as 'n God van genade en liefde en sy vrees was dat Ninevé se mense hulle sou bekeer en God hulle sou vergewe. Hy wou God se genade en liefde vir sy volk hou. Jona wou ook nie bekend staan as 'n valse profeet, wat verkondig dat God hulle gaan uitwis, en Hy dit dan nie doen nie. Hy het ook sy reputasie gevrees. “Moenie bang wees nie” - Dit is die woorde van die engel aan Maria in Lukas 1:30. - Dit is opvallend dat bykans elke keer wat 'n engel van die Here of dan God self aan 'n mens verskyn, dit die eerste woorde is: “Moenie bang wees nie”. - Byvoorbeeld: Luk 1:13, Matt 28:10, Matt 6:50, Luk 12: 32, Jes 41:10, Jes 43:1. - Dit is die sinnetjie in die Bybel wat die meeste voorkom, baie meer as wat daar staan ons moet liefhê!

Die bekende sendeling Richard Wurmbrand het die opmerking gemaak dat daar 366 keer in die Bybel staan Moenie bang wees nie – so asof die Here ons só goed ken en ons daaglik daaraan wil kom herinner. Vir elke dag is daar een, en sê Wurmbrand, vir my is daar 'n ekstra een vir die dag as die twyfel en vrees te groot raak! (En selfs een vir skrikkeljaar.) “Moenie bang wees nie!”

Vervolg op bl 5

## LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



# Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.

*WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ..... OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET ( SOMMER MET 'N FOTO BY).*



**Doopbaba van 13/08/17**  
Margaux Geldenhuys

Ouers: Werner & Lize

Oupa & Ouma:  
Wessel & Jeannette  
Geldenhuys

Baie seën en vreugde  
word jul toegebied.



Num 6:24-26



**M.A.G.**  
Meisies Agter God

Nooi elke vrou in jou lewe  
vir 'n amazing oggend  
propvol bederf en 'n  
WOORD van GOD vir JOU!

Tema: Waarde van 'n vrou  
Datum: 9 September 2017  
Tyd: 10h00  
Plek: Lourensrivier Gemeente  
Kostes: R50 p/p

**"MAG" NIE UITMIS NIE ☺**

**NIE BAIE KAARTJIES MEER OOR NIE!**

As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjies is: Dit is waar jy die 9/9 MOET wees .  
Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

Kaartjies by Lourensrivier Gemeente  
Kerkkantoor beskikbaar

(021 853 5991) 📞 📧

-praise & worship 🎵

-spreker ☺

-danse 🕺

-pryse 🏆

-eet- en drinkgoed 🍷 🍴

-photobooth 📷

Moet asseblief nie van hierdie wonderlike oggend vergeet nie!

**NAVRAE:**

**Anneli Theron @ 0715861808**



## FOKUS OP DIE HUWELIK

### JY KAN HOM/HAAR NIE VERANDER

'n Uittreksel vanuit 'n Blog deur Dr Elmari Mulder Craig

Baie mense glo dat hul huweliksmaat hulle moet gelukkig maak. Die ridder op sy wit perd, het jou kom red, en julle gaan vir ewig en altyd gelukkig saam leef. Ons glo ons het ons sielsmaat gevind, dit is 'n huwelik gemaak in die hemel, en ons gaan vir altyd en ewig gelukkig saam leef. Na 'n tyd haal ons egter die rooskleurige bril af waarmee ons na mekaar kyk. Ons kom nou agter dat hy of sy toe nie so perfek is, soos ons gedink het nie. Baie paartjies beëindig nou hul verhouding of begin die lewenslange proses om hul maat te wil verander.



## VERVULLING

Leer die Bybelse standaard van die liefde in die huwelike. Dit begin deur 'n nuwe verbondstaal aan te leer.

Verseker mekaar gereeld van mekaar se liefde

Kyk in mekaar se oë en gesels met julle oë.

Glimlag vir mekaar

Vervul mekaar volkome seksueel. (1 Kor 7:1-9)

Doen lekker dinge saam.

Beplan romanse.

Deel met die verkeerde verwagtinge van die liefde.

Verstaan verbond.

Gereelde betekenisvolle aanraking.



In huweliksberading sien ons ook dikwels dat die een maat eis dat die ander maat moet verander. "As hy net nie meer so baie aandag aan sy werk gee nie, sal alles regkom", of "As sy meer seks gee, en minder moeilik is, sal dinge regkom". Jy aanvaar dus nie jou eie verantwoordelikheid om aan die probleem te werk nie, en blameer jou maat vir jou ongelukkigheid. Hierdie uitgangspunt dat my maat moet verander, as oplossing vir ons probleme, is nie volhoubaar nie, en dit gaan gewoonlik net vir 'n beperkte tyd beter voordat daar weer in die ou negatiewe patrone verval word. Ware genesing van die self en die verhouding is nie moontlik indien jy nie self verantwoordelikheid aanvaar nie.

Die volgende aanhaling deur Zig Ziglar beskryf dit dalk die beste:

### THE RIGHT OR WRONG PERSON?

"I have no way of knowing whether or not you married the wrong person, but I do know that many people have a lot of wrong ideas about marriage and what it takes to make that marriage happy and successful. I'll be the first to admit that it's possible that you did marry the wrong person. However, if you treat the wrong person like the right person, you could well end up having married the right person after all.

On the other hand, if you marry the right person, and treat that person wrong, you certainly will have ended up marrying the wrong person. I also know that it is far more important to be the right kind of person than it is to marry the right person. In short, whether you married the right or the wrong person is primarily up to you!"

# RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Rasper botter om dit sag te kry



## EENSKOTTEL HOENDER/NOODLE GEREG

1 Hoender (stukke gesny)  
2 blokkies Hoenderekstrak  
1 - 1½ kop Noedels (enige noedel, skroef, 2min, ens.)  
100 ml Mayonnaise  
1 groot pak droë Aartappelskyfies (Enige geur) (Fyngemaak)  
400 ml Witsous  
50 ml gekapte Pietersielie  
2 Eiers geklits

### METODE:

Was hoender, plaas in kastrol. voeg ekstrak en bietjie kookwater by en kook tot vleis van bene loskom.

Ontbeen hoender en maak vleis fyn.

Kook noedels tot sag in soutwater en dreineer.


Meng hoender, noedels, mayonnaise en helfte van skyfies en skep in vuurvaste skottel.

Meng witsous met pietersielie en eiers en gooi bo-oor. Strooi res van skyfies oor sous.

Bak 20 - 25 minute by 190°C of tot sous begin verkleur.

Foto: Maria Costello

Plasing: Tiana Botes / WATERTAND  
RESEPTE VIR OUD EN JONK



## ROMERIGE MACARONI MET HAM EN SOETMIELIES

BEDIEN 4

1 pakkie ( 500 g ) macaroni  
1 blik ( 250 ml ) suurroom  
1 groot eier, geklits  
1 blik ( 410 g ) roomsoetmielies  
1 pakkie ( 125 g ) laevetham, in repies  
1 tros sprietuie, gekap  
Sout en peper  
Cheddarkaas, gerasper

### METODE:

Voorverhit oond tot 180 C. Maak pasta volgens aanwysings op pakkie gaar. Dreineer en plaas in `n groot oondvaste houer. Meng res van bestanddele, voeg enige geurmiddels by, en roer by pasta in.

Bedek met kaas en bak vir 20-25 minute tot goudkleurig.

Bron: Resep by vriendin gekry

Plasing & Foto: Joey Kruger / WATERTAND  
RESEPTE VIR OUD EN JONK



### RESEP VIR MYSELF

VIR MY LIPPE GEBRUIK EK WAARHEID..

VIR MY STEM GEBRUIK EK GEBED..

VIR MY Oë GEBRUIK EK MEDELYE..

VIR MY HANDE GEBRUIK EK LIEFDADIGHEID..

VIR MY POSTUUR GEBRUIK EK OPREGTHEID..

VIR MY HART GEBRUIK EK LIEFDE..

**Audrey Hepburn het gesê: "For beautiful eyes, look for the good in others; for beautiful lips, speak only words of kindness; and for poise, walk with the knowledge that you are never alone."**

# Flamēros<sup>®</sup>

## CHICKEN GRILL

187 Main Road, Strand  
021 854 7774

## Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin  
of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!

**Kom sluit by ons aan ...!**

Klasse: Maandae tot Donderdae

**Plek: Lourensrieviergemeente se saal, Strand**

**Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.**



**Vervolg vanaf bl 1:**  
**Vrees is deel van ons almal se lewens** - Die Here weet hoe nodig ons hierdie woorde het, want Hy weet wat vrees aan mense doen. Hy weet dat vrees 'n negatiewe krag is wat elke stukkie van ons menswees beïnvloed. Dit is miskien die grootste krag wat ons wegneem van God se roeping in ons lewe? - Die agenda van die wêreld is die agenda wat vrees in ons lewens week: werkloosheid, armoede, ekonomiese verval, geweld, sosiale probleme ens. Daar is natuurlik ook 'n klomp interpersoonlike goed: Wat as ek my kind verloor, my man/vrou verloor? Wat as ek nie 'n lewensmaat vind nie? Wat as ek my werk verloor? Wat as ek nie werk kry nie? Wat as ek my gesondheid verloor? Wat as ek dit nie maak in die lewe volgens sekere standaarde nie? Wat as ek nie aanvaar

word nie? Wat gaan mense van ons dink? - Wat is dit wat jy vrees? - Vrees is deel van ons lewens en beïnvloed ons lewens, besluite en optrede. Soms is ons bewus daarvan en soms totaal onbewus. - Die gevolge van vrees in ons lewens is: vervreemding van myself, God en ander mense. Dit veroorsaak isolasie, self gerigtheid, uitbranding en spanning. - Vrees maak dat ek vashou en nie kan los nie. Vrees maak dat ek gryp en nie kan uitdeel nie. Vrees maak dat ek altyd wonder hoe ander my sien en nooit vry is om die nood van ander raak te sien nie. Vrees skep wantroue; liefde skep vertroue. - Jona se roeping is beïnvloed deur sy vrese! Jesus ken vrees - Ons lees in Matt 26:38 Jesus was doodsbenoud, vol angs en vrees. - Wat doen Jesus? Hy onttrek uit die groep, neem vir hom getroue vriende saam, en dan alleen op sy eie gaan praat Hy met sy Vader. Hy gaan fokus op God en God se wil en God se roeping vir sy lewe. Vanuit hierdie eerlike worsteling volg 'n stuk gehoorsaamheid en oorgawe. Van vrees (self) na liefde (God).... In Henri Nouwen se boek "In the house of the Lord" maak hy die punt dat ons lewens dikwels eerder deur vrees as liefde gedryf word. Die uitnodiging van Jesus is om uit ons "huise van vrees" te beweeg na die "huis van liefde". Vrees bou mure wat van ons gevangenes maak. Liefde bring openheid en vryheid. 1 Joh 4:18 sê "Ware liefde, verdryf vrees". - Dit gaan oor 'n nuwe manier van wees in God. Om op 'n diep geestelike vlak te beseef jy word omring deur die liefde en sorg van God. "Ek word gedra, daarom is ek." - Die fokus skuif dan van die mure, die wind en die storms na God se liefde en sorg en omgee. - Dit is wat die engel ook doen in die gesprek met Maria. Hy wys daarop dat die fokus is op God en Sy werke en wat God kan doen. - Hierdie skuif in fokus bring 'n diep rustigheid en geloofsoortuiging in Maria se lewe wat haar laat bid: "Laat dit met my wees in ooreenstemming met U Woord."

Bron: <http://www.moederkerk.co.za/wp-content/uploads/2012/04/Week-IV-God-wat-roep.pdf>

**LENTE IN MENSEHARTE**



**Spr 4:18** “Die pad van die regverdige is soos helder oggendlig wat groei en sterker word totdat die volle dag aanbreek.”

Die oggendlig vou die nag toe en al die koud en vrees van die donker nag verdwyn as die son sy eerste strale oor die berge gooi, dit bring ‘n nuwe dag, nuwe uitdagings en so bring die lente ook weer warmte en nuwe groei in ons harte.

God laat ook Sy Oggendlig in ons harte skyn en in die bewustelikheid van Sy teenwoordige Lig ons die liefde, vreugde, vrede, hoop en geloof gee dat saam met Hom is die nag nooit donker en koud nie, duisternis word lig in die teenwoordigheid van die Here en Sy Oggendlig bring altyd nuwe krag en lewe. Net soos die Lente rustig wag dat die winterkoue verby gaan kan ons ook rustig wees as koue ons omvou en soos die natuur vertrou op nuwe warmte en nuwe lewe kan ons ook gelowig weet God se warm Lig ons op die pad sal lei om te groei en sterker te word. In God se teenwoordige Oggendlig is geen donkerte werklik donker nie en in God se Lig ontplof self dorre woestyn tye in lushof van kleurvolle vreugde in Sy Liefdes teenwoordigheid.

**Rom 5:5** “God het Sy Liefde in ons harte uitgestort”

Die bannelinge in **Jes 43** het gevoel asof hulle alleen was maar al die tyd was God se Liefdeslig teenwoordig, was Hy daar en troos Hy hulle “moenie bang wees nie. Ek is by jou” Ons kan seker wees dat al ons hoop en verwagtinge in Sy Liefdeslig omvou is en veel meer dat Hy ook hierdie liefde in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gee

**Ps 118:27** “Die Here is God, Hy laat Sy Lig oor ons skyn. Begin die optog, wuif die takke.”

Deur Sy Liefdeslig wil God ook Vreugdelig, warmte en sonskyn in ons harte bring. Hy wil hê ons moet lag en saam met die lente die lewe geniet, die klein dingetjies wat saam met die lente kom, die glimlag van ‘n vreemdeling, die handdruk van ‘n vriend werklike vreugde vind in klein liefdetjies wat na ons kant toe kom en vreugde in nuwe blare aan verdorde takke en oop roosknop na die winter.

Met God se Liefdeslig om ons en Jesus se omvou-genade (**Heb 8:12**) in ons harte kan ons bewustelik die vreugdelig rondom ons geniet loof en prys en so die lewe van ander met vreugde vul.

**Luk 1:27** God rig ons voetstappe op die pad van vrede.

Lentevreugde bring ook vredelig in ons harte en wanneer ons God se Lig, Liefde uitdra en so vreugde versprei na ander rondom ons is dit die vrede van rus vind in God want daar kan geen ware vrede in die gemoed wees tensy ons harte nie eers vrede gevind het in God se Lig en Jesus se liefde nie. **Rom 5:1** “daar is nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus” en dan word die belofte van **Joh 14:27** vir ons harte ‘n lofprijsing van: “Dankie Jesus vir U belofte van Vredelig wat U aan ons skenk laat ons dit vas gryp in geloof.”



## GEBEDSONDERWERPE: SEPTEMBER 2017

### LENTE IN MENSEHARTE

#### Week 3-9 September

HERE BRING LIG IN MY HART



**Ps 27:1** "Die Here is my Lig en my Redding."  
**Jes 60:20** "Die Here sal vir jou 'n Ewige Lig wees."  
**Joh 1:5** "Die Lig skyn in die duisternis en die duisternis kan dit nie uitdoof nie"

Jesus Here aan U wat die Ewige Lig is bring ek die lof en dank dat U ook U Lig van redding in my lewe laat skyn. Laat U teenwoordige Lig in my hart skyn en my pad vorentoe helder verlig, my veilig verby struikelblokke van sonde en ongeloof stuur. Dankie Here dat in U Lig in my lewe daar geen vrees vir duisternis in my hart hoef te wees nie. Ek loof U vir U Lig wat elke dag by my is en wat ook my hart in tye van smartvolle oomblikke en donkerte binnedring sodat ek kan lewe in die Lig wat van Jesus af kom.

#### Week 10-16 September

HERE BRING LIEFDE IN MY HART

**Ef.3:19** "Mag julle Christus se liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan"  
**Joh 15:17** "Dit beveel Ek julle: julle moet mekaar liefhê"  
**1 Joh 4:8** "God is Liefde"  
**Jes 43:1** "Ek het jou op jou naam geroep jy is Myne"

Jesus, Heiland baie dankie vir die versekering dat U my op my naam ken en dat U my lief het met liefde wat alle verstand te bowe gaan. Dankie Here dat ek nie hoef bang te wees vir duisternis nie want ek lewe in die beskutting van U Liefdeslig. Here laat die glans van U Liefdeslig wat U in my hart uitgestort het uit my oorloop na ander rondom my dat hulle ook die warmte en intensiteit van U Liefdeslig kan ervaar en die kragbron is waarop staatgemaak kan word as dit donker word.



Jesus van Liefde laat in my hart U Liefdeslig brand sodat ek vir U liever sal hê as vir myself.

#### Week 17-23 September

HERE BRING VREUGDE IN MY HART

**Fil 4:4 & 1 Tess 5:16** "Wees altyd bly in die Here"  
**Mat 5:12** "Wees bly en verheug"  
**Ps 118:1** "Loof die Here"  
**Jes 35:2** "die woestyn – sal juig"

Hemel Heer ek wil lofsing tot U eer in tye van blydschap en vreugde maar ook in woestyn en hartseer tye omdat U Vreugdelig my ten alle omvou. Here laat U Vreugdelig voortdurend in my hart skyn en ek die vreugde en krag ondervind wat daaruit voortvloei, verheug oor U voortdurende Vreugdelig wat altyd helder skyn en my troos en bemoedig wat my op hoë plekke laat veilig loop. Here help my om n vreugdevolle dankbare lewe te lei en so ook U Vreugdelig na ander sal oordra. Here laat U Vreugdelig in my hart skyn en lof as offer my al nader aan U sal bring.

#### Week 24 -30 September

HERE BRING VREDE IN MY HART

**Joh 14:27** "Vrede laat Ek julle na My vrede gee Ek vir julle"  
**Jes 57:19** "Vrede vir die wat ver is en vrede vir die wat naby is"  
**Fil.4:7** "En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan sal oor julle hart en gedagtes wag hou in Christus Jesus"

Jesus, Heiland wees met U verlossende kalmerende Vredeslig in alle omstandighede en konflikte teenwoordig in my hart. Hemelheer, gee U vredeslig in my hart wanneer pyn en donkerte rondom my toesak leer my om in stilte te wag op U vredeslig van venuwing en krag. Dankie liefdevolle Heiland vir die vrede in my hart in die wete dat U belofte van vrede in Fil.4 onveranderd en vas bly staan in U teenwoordigheid want U en U alleen is die Vredeslig in my hart. Jesus gee dan dat deur die Heilige Gees daar 'n diepe en blywende vrede in my hart sal wees. Gee Here, dat U blywende Vredeslig ook skyn in die wêreld en U so verheerlik sal word. Dankie Jesus! Aan U die lof vir U deurdringende helder LIG wat ook Liefdeslig, Vreugdelig en Vredeslig in my hart bring.





### Milange Kleuterskool

In die 2015 het 'n groot behoefte vir 'n kleuterskool gebou ontstaan. Die kleuterskool was in die sinode en kerkgebou gehou, maar met baie onderbrekings wanneer ander kerk aktiwiteite plaasvind.

Vanaf Desember 2015

tot Maart 2017 het die skoolgebou tot op hierdie vlak gevorder. Die fondse wat oor die afgelope paar maande vir die skoolgebou bewillig is, het vir groot opwinding gesorg aangesien dit sou beteken dat die buitekant en een klaskamer gefinaliseer sou kon word.

Die bouery het einde Junie weer begin. Hier is 'n paar foto's van die vordering.



Gaan lees die volledige Nuusbrief op Lourensrivier Webtuiste of op Mosambiek Geletterdheid Facebook blad



Die bou materiaal word afgelaai. Bakstene, sand en klipies om die beton vloer te lê en die pleister werk aan die binne- en buitekant te doen



### Prys die Here saam met ons vir...

#### Ons praat met God oor...

- Die laaste paar maande in Mosambiek. Mag God se wil deur ons geskied..

- Die kleuterskool gebou wat goed vorder.
- Isaac en Carimo wat tot op hede die fondse vir die gebou goed aanwend

Groete uit Milange, Mosambiek  
Niehan en Carmen Koekemoer

E pos: [baiewarm@yahoo.com](mailto:baiewarm@yahoo.com)

Whatsapp: +27 76 434 2773

Facebook : Mosambiek Geletterdheid



Die venster- en deurrame aanmekaar gesit



# QUONGA - Gebedsbrief 8-2017

Ons was so bevoorreg hierdie afgelope maand om baie kuiermense te kry. En ook 'n hele paar toeriste wat van die skauwee onder ons groot mangobome gebruik gebruik gemaak het – oppad na en vanaf die Ruvuma ferry. Toe ons terugkeer uit Pemba nadat ons vir Anzell, Jaco en Chanel by die lughawe besorg het, hoor ons van 'n blitsbesoek deur 3 mense. Daarna kry ons besoek van Con en Alta, wat op die oomblik by Johan en Enna se huis is, en wie deur die grens moes gaan omdat hulle nie verlenging van verblyf in Pemba kon kry nie. Dit was lekker om saam met hulle te kuier en Con het ook vir Andre gehelp om die ou meule se motor weer aanmekaar te sit met die nuwe parte wat hy gekoop het. Ons vriende vanuit Mocimboa, met 'n evangelisasie



span, het gisteroggend (Donderdag) weer hierheen gekom. Daar sal weer soos die vorige keer deur die dorp beweeg word en die stories van God aan mense vertel word. Bid saam vir 'n honger om te hoor en vir die Gees om mense aan te raak. Die gedagte was om na hulle kuier hier weer die boot te neem terug na Mocimboa, maar dit sal ongelukkig nie meer gebeur nie. André, Jaco en Chanel het ook die geleentheid gehad om op 'n drie dag "survey trip" saam met hulle op 'n dhow te gaan en het 'n paar eilande aangedoen van Palma tot Mocimboa

Ons vra dat julle spesiaal vir ons dorp sal intree. Hier het gister 'n groot groep Pakistaanse moslems die dorp ingekom, wat die wêreld te voet plat reis. Vanoggend (Sondag) toe André by een van die dorp se uitgange uitgaan staan daar twee van hulle. Hy vermoed hulle het daar gestaan om te bid. Hy het onmiddellik daardie gebed gebind in die naam van Jesus, maar ons wil tog vra dat julle ernstig saam sal intree teen hierdie magte. Ons begin 'n skuif ervaar by die mense met wie ons die evangelie deel, maar hierdie kan nou weer 'n donker sluier oor alles plaas.

## Gebedsversoeke:

- Vir diegene wat besoek word – dat die Gees hulle sal aanraak
- Vir uitkoms vir ons vrieskas-situasie
- Vir Simão se besigheid en ook sy gesprekke met mense

## Danksegging:

- Vir lekker kuiertyd
- Vir mense wat luister en belangstelling toon

## Kontak en ander inligting

Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique

Epos: [thiartaa@gmail.com](mailto:thiartaa@gmail.com)

Facebook: Makwe Mission -<http://www.facebook.com/#!/MakweMission>






## DIE BELYDENIS VAN PETRUS

Skriflesing: Mattheüs 16:13 - 18

Mattheüs 16:16 U is die Christus.


Wat was Petrus se ander naam? \_\_\_\_\_

Verbind die kolletjies en teken die visse in die net.



## LEESROOSTER : SEPTEMBER 2017

( Eks.3:1-15; Eks.12:1-14; Eks.14:19-31; Fil.1:21-30 )



### DWARS

5. God wou Sy volk laat trek na 'n land wat oorloop van melk en ..... [Eks. 3]
7. Die lam wat geslag moes word, kon 'n ..... of 'n bok wees. [Eks. 12]
9. Die lam moes saam met ..... brood en bitter kruie geëet word. [Eks. 12]
12. Om te ..... is vir my wins. [Fil. 1]
15. Moses se skoonpa. [Eks. 3]
16. Die water het oor die ..... en bemanning gestroom. [Eks.14]
17. Moses se skoonpa was 'n priester in ..... [Eks. 3]
18. Die ..... van die Here het aan Moses verskyn. [Eks. 3]
19. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met ..... arbeid. [Fil. 1]

### AF:

1. Daar moes 'n lam geslag word op die ..... dag van die maand. [Eks. 12]
2. Moses moes sy ..... uittrek toe hy naby die brandende bos gekom het. [Eks. 3]
3. Moses het sy ..... oor die see uitgestrek. [Eks. 14]
4. Om te lewe is vir my ..... [Fil. 1]
6. Die bloed van die lam moes aan die ..... gesmeer word. [Eks. 12]
8. 'n Sterk ..... het die water oopgeklou. [Eks. 14]
10. Om met Christus te wees, is ..... die beste. [Fil. 1]
11. Die berg van God. [Eks. 3]
13. God het vir Moses na die ..... in Egipte gestuur. [Eks. 3]
14. God het Sy volk se ..... ter harte geneem. [Eks. 3]

# We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.

We are the fresh breath of the ocean air.

We are the art and sculptures in our local galleries.

We are organic farmers markets with family and friends.

We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

**Edelweiss Hankey** 083 252 1964 / [edelweiss.hankey@pamgolding.co.za](mailto:edelweiss.hankey@pamgolding.co.za)

**Burger van Dyk** 084 540 4543 / [burger.vandyk@pamgolding.co.za](mailto:burger.vandyk@pamgolding.co.za)



An International  
Associate of Savills

[pamgolding.co.za](http://pamgolding.co.za)

